# Inhoud


**Welkom by die TomTom Bridge 5**

**Wat's nuut 6**

Nuwighede in hierdie vrystelling ........ 7

**Die TomTom Bridge 8**

Begin die TomTom Bridge ........ 9
Gebruik gebare ........ 11
Apps op die TomTom Bridge ........ 12
Konnekteer die TomTom Bridge ........ 13
Meer oor verbinding van die TomTom Bridge ........ 13
Slimfoon-verbinding ........ 13
Kenmerke van die TomTom Bridge ........ 15
Onaktief-instellings ........ 15
Geheuekaartgleuf ........ 15
Dra lêers oor na jou toestel ........ 15
Stelselbalk ........ 16
Bywerking van die sagteware ........ 16
Skuif en maak apps en hulptuie kleiner of groter ........ 17
Versending van inligting na TomTom ........ 19
Wis persoonlike data ........ 19
Neem 'n skermskoot ........ 19
Skermsluiting ........ 20
Taal ........ 21
Installering in jou voertuig ........ 22
Laai die TomTom Bridge ........ 23
Die TomTom Bridge begin nie ........ 24
Versorg jou Bridge ........ 25
Aanlyn-naslaangids ........ 26
Om hulp te kry ........ 27

**TomTom Navigasie-app 28**

Welkom by navigasie met TomTom ........ 29
Meer oor TomTom-dienste ........ 30
GPS-ontvangs ........ 31
Wat word op die TomTom-navigasie-app se skerm gewys ........ 32
Die kaartaansig ........ 32
Die leidingaansig ........ 34
Die roetebalk ........ 36
Die kitskieslys ........ 37
Navigasieknoppies ........ 37
Ander knoppies ........ 39
Volumebeheer ........ 40
Laat loop in die agtergrond ........ 40
Verander die teks- en knoppiegrootte ........ 41
Verkeer ........ 42
Meer oor TomTom Traffic ........ 42
Die roetebalk ........ 42
Bekyk verkeer op die kaart ........ 43
Bekyk verkeer op jou roete ........ 44
Verkeersinsidente ........ 45
"Jy nader 'n verkeersknoop"-waarskuwing ........ 46

Vermy 'n verkeersknoop op jou roete ........ 46
Gevorderde baanleiding ........ 47
Tyd-afhanklike spoedgrense ........ 47
Stel jou voertuigtipe in ........ 48
Meer oor My voertuig ........ 48
Stel jou voertuigtipe in ........ 48
Beplan 'n roete vir 'n bus of vragmotor ........ 49
Bekyk roetebeperkings ........ 49
Gebruik kitssoek ........ 51
Meer oor soek ........ 51
Beplan via soek 'n roete na 'n PVB ........ 51
Beplan via "soek aanlyn" 'n roete na 'n PVB ........ 53
Voer soekvoorwaardes in ........ 55
Werk met soekresultate ........ 56
Meer oor poskodes ........ 58
Meer oor kaartkodes ........ 58
Ikoonlys vir tipe PVB's ........ 58
Beplan 'n roete ........ 63
Beplan via soek 'n roete na 'n adres ........ 63
Beplan 'n roete na 'n stadskern ........ 65
Beplan via soek 'n roete na 'n PVB ........ 66
Beplan via "soek aanlyn" 'n roete na 'n PVB ........ 68
Beplan 'n roete via 'n Internetblaaier ........ 70
Beplan 'n roete deur die kaart te gebruik ........ 72
Beplan 'n roete via My plekke ........ 74
Beplan 'n roete via koördinate ........ 75
Beplan 'n roete via 'n kaartkode ........ 76
Vind 'n alternatiewe roete ........ 77
Beplan 'n roete vooruit ........ 77
Vind 'n parkeerterrein ........ 79
Vind 'n vulstasie ........ 81
Verander jou roete ........ 84
Die "Huidige roete"-kieslys ........ 84
Vermy 'n geblokkeerde pad ........ 86
Vermy deel van 'n roete ........ 86
Tipes roetes ........ 87
Roetekenmerke ........ 87
Vermy iets kenmerkends aan jou roete ........ 88
Voeg 'n stilhouplek by jou roete uit die "Huidige roete"-kieslys ........ 88
Voeg 'n stilhouplek via die kaart by jou roete ........ 88
Skrap 'n stilhouplek uit jou roete ........ 88
Slaan die volgende stilhouplek op jou roete oor ........ 89
Herrangskik stilhouplekke op 'n roete ........ 89
My roetes ........ 90
Meer oor My roetes ........ 90
Stoor 'n roete ........ 90
Navigeer via 'n gestoorde roete ........ 91
Navigeer na 'n stilhouplek op 'n gestoorde roete ........ 92
Voeg 'n stilhouplek by 'n gestoorde roete via die kaart ........ 94
Skrap 'n roete of 'n "track" uit My roetes ........ 94
Opneem en deel van roetes ........ 95
Stembeheer (Speak&Go) ........ 97
Meer oor stembeheer ........ 97
Begin stembeheer ........ 97
Maak jou eie "word wakker"-frase ........ 97
Die stembeheer-skerm ........ 98
'n Paar wenke vir gebruik van stembeheer ........ 99
Waarvoor stembeheer gebruik kan word ........ 99
Gee bevele op verskillende maniere ........ 100
Voer 'n adres via stembeheer in ........ 100

Gaan via stembeheer huis toe ........ 100
Gaan via stembeheer na 'n PVB ........ 101
Verander 'n instelling via stembeheer ........ 101
Spoedkameras ........ 103
Meer oor spoedkameras ........ 103
Spoedkamerawaarskuwings ........ 103
Verander die manier waarop jy gewaarsku word ........ 104
Rapporteer 'n nuwe spoedkamera ........ 105
Bevestig of verwyder 'n mobiele spoedkamera ........ 106
Werk liggings vir kameras en gevare by ........ 106
Gevaarsones ........ 107
Meer oor gevaarsones en risiko-sones ........ 107
Waarskuwings teen gevaarsones en risiko-sones ........ 107
Verander hoe jy gewaarsku word ........ 108
Rapporteer 'n risiko-sone ........ 108
Werk liggings vir gevaarsones en risiko-sones by ........ 109
My plekke ........ 110
Meer oor My plekke ........ 110
Stel jou huisligging en werkplek in ........ 110
Verander jou huisligging ........ 111
Voeg 'n ligging uit My plekke by ........ 112
Voeg 'n ligging by My plekke vanaf die kaart ........ 112
Voeg 'n ligging tot My plekke by deur soek te gebruik ........ 112
Voeg 'n ligging tot My plekke by deur te merk ........ 113
Skrap 'n onlangse bestemming uit My plekke ........ 113
Skrap 'n ligging uit My plekke ........ 113
Voer 'n PVB-lys in ........ 113
Instellings ........ 115
My voertuig ........ 115
Voorkoms ........ 115
Stemme ........ 118
Stembeheer ........ 119
Kaarte ........ 119
Roetebeplanning ........ 120
Klanke en waarskuwings ........ 120
Eenhede ........ 122
Taal ........ 122
Om hulp te kry ........ 123
Hulp ........ 123

**Eksternekamera-app 124**

Gebruik die Eksternekamera-app ........ 125
Kamera-instellings ........ 126
Gebruik die voertuig met gidslyne ........ 127

**TomTom Musiek-app 129**

Gebruik die TomTom Musiek-app ........ 130

**Bylaag en kopiereg 131**

Bylaag ........ 132
Kopieregkennisgewings: ........ 137

# Nuwighede in hierdie vrystelling

**Weergawe 15.6**

### Vermy 'n spesifieke verkeersknoop

As jy 'n spesifieke verkeersknoop langs jou roete wil vermy, kan jy voortaan via 'n ikoon in die roetebalk die verwagte opeenhoping kies en dan op Vermy klik. Jou toestel sal dan 'n alternatiewe roete daar rondom beplan. Let wel: Soms bly 'n roete wat deur die verkeer vleg, steeds die vinnigste moontlike roete.

Om meer te wete te kom, gaan na Vermy 'n verkeersknoop langs jou roete in hierdie handleiding.

### Vermy 'n spesifieke tolsone of veerboot

Elke tolsone of veerboot langs jou roete word voortaan as 'n ikoon in die roetebalk gewys. Kies die ikoon vir 'n opsie om die tolsone of veerboot te vermy. So nie kan jy via Roetebeplanning, wat jy onder die Instellingskieslys sal vind, jou toestel só instel dat dit te alle tye tolsones en veerbote sal vermy wanneer 'n roete beplan word.

Om meer te wete te kom, gaan na Vermy 'n kenmerkende aspek van jou roete in hierdie handleiding.

### Ander reggestelde foute en verbeterings


Verskeie verbeterings aan werksverrigting en foutregstellings is geïmplementeer.

# Begin die TomTom Bridge

Die TomTom Bridge begin wanneer dit in sy dokstuk is, en die dokstuk 'n kragtoevoer het. Wanneer die TomTom Bridge nie in sy dokstuk is nie, kan jy die aan/af-knoppie druk totdat die toestel begin.

Die TomTom Bridge-tuisskerm word gewys.

**Let wel**: Die Bridge-tuisskerm wat hieronder gewys word, is 'n voorbeeld. Die tuisskerm op die Bridge kan dalk anders lyk met ander apps wat geïnstalleer is.




1. 'n App wat as 'n hulptuig loop.

   Byvoorbeeld, die TomTom Navigasie-app en die Eksternekamera-app kan in 'n hulptuig op die tuisskerm loop. Kies die hulptuig om die app oop te maak.

   **Let wel**: 'n Hulptuig is 'n app wat in sy eie paneel loop. Jy kan 'n hulptuig kies om die volledige app oop te maak.
   **Wenk**: Jy kan apps en hulptuie skuif en hulle groter of kleiner maak.

2. Die Musiek-app loop as 'n hulptuig.
3. Terug-knoppie.

   Kies hierdie knoppie om terug te gaan na die vorige geopende skerm.
4. Tuisknoppie.

   Kies hierdie knoppie om na die toestel se tuisskerm terug te keer.
5. Stelselbalk.

   Jy kan kortpaaie na jou gunsteling apps by hierdie balk voeg.
6. **Sagtewarebywerking**-knoppie.

# Apps op die TomTom Bridge

Die TomTom Bridge is 'n Android-gebaseerde toestel waarop verskillende apps geïnstalleer is. Sommige van die apps sal standaard-Android-apps wees, soos 'n blaaier, 'n horlosie en 'n fotogalery. Gespesialiseerde apps kan deur die eienaar van die toestel bygevoeg word, en TomTom het ook apps bygevoeg.

**Let wel**: Die TomTom Bridge is dalk beveilig om te verhoed dat jy veranderinge aanbring.

Jy kan ander apps op die toestel vind deur na regs te rol. Om al die apps op die toestel te sien, kies **Alle apps**.

Jy kan ook tot soveel as twee blitsloop-knoppies by die toestel se Stelselbalk voeg vir apps wat jy dikwels wil gebruik.

### Privaatheidskennisgewings vir apps

Elke geïnstalleerde app het sy eie privaatheidskennisgewing. Maak die Android-instellingsapp oop en kies dan **Meer oor jou TomTom-toestel**. Kies **Regsinligting** en kies dan **Jou inligting**. Kies 'n app uit die lys om meer oor daardie app se funksie te lees, hoe die app jou inligting gebruik en hoe jou persoonlike data bestuur word.

# Konnekteer die TomTom Bridge

## Meer oor verbinding van die TomTom Bridge

Die TomTom Bridge verbind met die Internet sodat jy die geïnstalleerde apps kan gebruik en toegang tot TomTom-dienste kan verkry.

Die TomTom Bridge verbind op een van die volgende maniere:

- Met 'n permanente verbinding regstreeks vanaf die TomTom Bridge. Die toestel is altyd verbind - jy hoef niks te doen nie.
- Met 'n verbinding via jou slimfoon. Jy moet 'n persoonlike-areanetwerk skep om jou slimfoon met jou TomTom Bridge te verbind.

**Let wel**: Om die TomTom Bridge-sagteware by te werk, gebruik 'n WiFi-verbinding.

## Slimfoon-verbinding

Om jou slimfoon te gebruik om die TomTom Bridge met 'n netwerk te verbind, beteken dat data via jou selfoondiensverskaffer deur jou slimfoon versend en ontvang word.

Jou slimfoon moet met jou TomTom Bridge versoenbaar wees, en jy moet 'n dataplan vanaf 'n selfoondiensverskaffer hê. Gaan na tomtom.com/connect vir nadere besonderhede.

**Belangrik**: Jy kan dalk addisionele koste op die hals haal wanneer jy jou slimfoon gebruik om jou TomTom Bridge te verbind, veral wanneer jy jou buite die gebied bevind wat deur jou dataplan gedek word. Vra jou selfoondiensverskaffer vir meer inligting.

### Persoonlike-areanetwerke

Jou foon deel sy internetverbinding via die foon se Bluetooth- en persoonlike-areanetwerk (PAN)-funksies.

Afhangende van jou foon se bedryfstelsel, kan hierdie netwerk, of PAN, as een van die volgende bekend staan:

- Persoonlike Aksiekol
- Tethering of Bluetooth Tethering
- Tether of Bluetooth Tether

Die PAN-funksie is waarskynlik reeds deel van jou foon se bedryfstelsel, of jy kan 'n app aflaai om 'n PAN te skep.

**Let wel**: Sommige selfoondiensverskaffers laat nie toe dat hulle gebruikers 'n PAN gebruik nie. As jou foon nie 'n PAN-funksie het nie, moet jy jou diensverskaffer vir meer inligting vra.

Verwys na jou foon se gebruikergids as jy sukkel om hierdie instellings te vind.

Vir verdere hulp, gaan na tomtom.com/connect.

### Verbind via Bluetooth


Om jou TomTom Bridge via Bluetooth met jou slimfoon te verbind, doen die volgende:

8. Skakel Bluetooth Tethering of persoonlike aksiekol op jou foon aan, en maak seker jou foon kan bespeur word.
9. Druk die Tuisknoppie op jou TomTom Bridge.
10. Kies die **Instellings**-app.

11. Skakel **Bluetooth** aan.
12. Kies **Bluetooth**, en kies dan **SOEK NA TOESTELLE** .
    Die TomTom Bridge soek jou foon en wys dit as 'n beskikbare toestel.

> **Wenk**: As jou TomTom Bridge nie jou foon kan vind nie, kyk of jou foon steeds deur ander Bluetooth-toestelle "bespeur" of "gesien" word.

13. Kies jou foon uit die lys van beskikbare toestelle.
14. Nadat jy jou TomTom Bridge met jou slimfoon verbind het, moet jy die kassie in die Bluetooth-profiel op die TomTom Bridge merk om internettoegang soos hieronder gewys moontlik te maak.




Jou TomTom Bridge verbind met TomTom-dienste via jou foon se internetverbinding. TomTom-dienste is nou geaktiveer.

Die Bluetooth-simbool in die Android-statusbalk wys dat Bluetooth aangeskakel is.

## Herverbind jou slimfoon

Jy hoef niks te doen om jou TomTom Bridge met jou foon te herverbind nie.

Jou TomTom Bridge sal jou foon onthou en sal dit outomaties vind wanneer jy Bluetooth Tethering aangeskakel het en jy binne die reikwydte van jou toestel is. As jy 'n geldige inskrywing vir TomTom-dienste het, begin die diens outomaties.

Op die TomTom Bridge-statusbalk, kyk of die TomTom Bridge met die internet verbind is.

As jy via 'n ander foon wil verbind, moet jy via Bluetooth vir daardie foon verbind.

> **Wenk**: As jou slimfoon nie via Bluetooth outomaties herverbind nie, kan jy handmatig herverbind soos in Verbind via Bluetooth beskryf.

## Kan nie 'n verbinding kry nie

As jou TomTom Bridge nie met jou foon kan verbind nie, of as jy nie 'n internetverbinding het nie, gaan die volgende na:

- Jou foon word op jou TomTom Bridge gewys.
- Jou foon se Bluetooth Tethering of Draagbare WiFi-aksiekol is aangeskakel.
- Jou dataplan met jou selfoondiensverskaffer is aktief en jy kan toegang tot die internet op jou foon verkry.

# Kenmerke van die TomTom Bridge

Die TomTom Bridge gebruik die Android-bedryfstelsel. TomTom en die toestel se eienaar het die bedryfstelsel op die volgende maniere verander:

- Sekere Android-funksies is gedeaktiveer, óf deur TomTom óf deur die eienaar van die toestel. Dit maak die toestel veiliger en makliker om te gebruik wanneer bestuur word.
- Sommige nuwe funksies en apps is bygevoeg, beide deur TomTom en die eienaar van die toestel. Hierdie byvoegings verpersoonlik die toestel sodat dit relevant is vir die funksies waarvoor dit gebruik gaan word.

Die kenmerke wat deur TomTom bygevoeg is, is as volg:

**Belangrik**: Vir ander instellings en gebruiksinstruksies vir die TomTom Bridge, en vir instruksies oor ander apps wat op die TomTom Bridge geïnstalleer is, raadpleeg die toepaslike gebruikerdokumentasie.

## Onaktief-instellings

Jy kan kies wanneer jou TomTom Bridge na onaktief oorskakel as geen apps loop nie of as dit uit sy dokstuk gelig word.

Maak **Aansig** in die **Instellings**-app oop om die volgende instellings te sien:

- **Onaktief**

  Stel die wagtyd in voordat jou Bridge na onaktief oorskakel as geen apps loop nie.
- **Bly aktief wanneer gedok**

  Hou jou Bridge wakker solank dit gedok is en van krag voorsien word.
- **Gaan outomaties tot onaktief oor wanneer krag ontkoppel word**

  Laat jou Bridge na onaktief oorskakel sodra óf die dokstuk óf die Bridge nie langer krag ontvang nie.

## Geheuekaartgleuf

Die TomTom Bridge het 'n geheuekaartgleuf wat onderaan die toestel gevind kan word. Jy kan 'n geheuekaart gebruik om toegang tot jou persoonlike lêers te verkry, soos foto's of musieklêers.

## Dra lêers oor na jou toestel

Jy kan persoonlike lêers, byvoorbeeld PVB-lyste, foto's of musieklêers, na die TomTom Bridge se interne geheue oordra. Sodoende kan jy apps op die toestel gebruik om PVB's en foto's te bekyk of musiek te speel.

Jy kan ook lêers vanaf die Bridge se interne geheue na jou rekenaar oordra.

**Let wel**: Nie alle lêertipes kan deur die toestel oopgemaak word nie.

**Let wel**: Jy kan lêers oordra vanaf 'n rekenaar waarop een van die volgende bedryfstelsels loop:
- Windows 7 of hoër
- Apple OS X 10.5 of hoër
- Sommige Linux-uitreikings van weergawe 14.04 of hoër.

Om lêers oor te dra, doen die volgende:

1. Koppel die Bridge aan jou rekenaar via die USB-kabel wat saam met jou Bridge voorsien word, en skakel dan jou Bridge aan.

> **Let wel**: Gebruik SLEGS die USB-kabel wat saam met jou toestel voorsien word. Ander USB-kabels sal dalk nie werk nie.
>
> **Let wel**: Jy kan nie die hegstuk gebruik om jou toestel aan jou rekenaar te koppel nie.
>
> **Let wel**: Jy moet die USB-kabel direk by die USB-poort op jou rekenaar inprop en nie by 'n USB-naaf of USB-poort op 'n sleutelbord of skerm nie.

2. Op jou rekenaar, maak 'n program oop waarmee lêers bestuur word.
   Jou Bridge word in jou rekenaar se lêerstelsel as TomTom Bridge gewys.
3. Maak die Bridge se vouer wat die interne bergingsgeheue bevat, oop.
4. Kopieer lêers vanaf jou rekenaar na 'n vouer op jou Bridge, of vanaf jou Bridge na jou rekenaar.

   > **Wenk**: Om die toestel georden te hou, kopieer die lêers na 'n vouer met 'n gepaste naam. Kopieer, byvoorbeeld, jou musieklêers na die musiekvouer.

5. Ontkoppel die Bridge van jou rekenaar.

> **Wenk**: Jy kan al die lêers wat jy na die Bridge gekopieer het, verwyder deur jou persoonlike data te wis.

## Stelselbalk

Die stelselbalk is onderaan die skerm, en dit bevat blitsloop-knoppies soos, byvoorbeeld, die Terug- en Tuis-knoppies. Jy kan tot soveel as twee ekstra knoppies by hierdie balk voeg om apps wat jy dikwels gebruik, blitsig te laat loop.

> **Wenk**: Sommige apps het 'n volskerm-instelling wat die stelselbalk verberg wanneer die app in gebruik is.

Om 'n blitsloop-knoppie vir 'n app by te voeg, doen die volgende:

1. Kies die Tuisknoppie.
2. Kies die **Instellings**-app.
3. In Instellings, kies **Stelselbalk**.
4. Onder Blitsloop-knoppies, kies **Wys app toe**.
5. Kies 'n app uit die lys om 'n blitsloop-knoppie daaraan toe te wys.
6. Kies die Tuisknoppie.
   Jou nuwe blitsloop-knoppie word by die stelselbalk gevoeg.

Om 'n blitsloop-knoppie te verwyder, doen die volgende:

1. Kies die Tuisknoppie.
2. Kies die **Instellings**-app.
3. In Instellings, kies **Stelselbalk**.
4. Onder blitsloop-knoppies, kies en hou die knoppie wat jy wil verwyder.
5. In die opwip-kassie wat verskyn, kies **OK** om die blitsloop-knoppie te verwyder.
6. Kies die Tuisknoppie.
   Die blitsloop-knoppie word uit die stelselbalk verwyder.

## Bywerking van die sagteware

Die TomTom Bridge eienaar sal van tyd tot tyd nuwe sagtewarebywerkings vrystel.

> **Wenk**: Wanneer 'n sagtewarebywerking beskikbaar is, sal 'n kennisgewing in die Kennisgewings-balk verskyn. Kies die knoppie in die regter onderste hoek van die toestel se skerm om die kennisgewingarea oop te maak.

Wanneer jy toegang tot 'n WiFi-verbinding het, kan jy die sagteware via die **Sagtewarebywerking**-app bywerk. Groot bywerkings word in die agtergrond afgelaai wanneer die Bridge met WiFi verbind is. Wanneer die WiFi-verbinding verbreek word, word die aflaai gepouseer. Wanneer die aflaai afgehandel is, sal jy gevra word om die bywerking te installeer.

**Let wel**: Sagtewarebywerkings kan slegs via 'n WiFi-verbinding afgelaai word.

Om die sagteware op die toestel by te werk, doen die volgende:

1. Kies die Tuisknoppie.
2. Kies die **Instellings**-app.
3. In Draadloos en netwerke, kies **WiFi**.
   Kies en verbind met 'n WiFi-netwerk.
4. Kies die Tuisknoppie.
5. Kies die **Sagtewarebywerking**-app.
   Jou toestel sal die sagtewarebywerking outomaties aflaai en installeer.

**Let wel**: Jy moet dalk jou toestel herbegin om die sagtewarebywerking te installeer.

## Skuif en maak apps en hulptuie kleiner of groter

Jy kan apps en hulptuie na ander plekke in die aansig verskuif. As jy, byvoorbeeld, dikwels van die "Eksterne kamera"-app gebruik maak, kan jy dit na die tuisskerm skuif. Jy kan die grootte van 'n app-knoppie of 'n hulptuig verander om dit makliker te maak om te gebruik of te sien.


**Let wel**: Die TomTom Bridge is dalk beveilig om te verhoed dat jy veranderinge aanbring.

### Skuif apps en hulptuie

Om 'n app of hulptuig te skuif, doen die volgende:

1. Kies en hou die app of hulptuig wat jy wil skuif.
   Die app of hulptuig verander van kleur.

   **Wenk**: As jy 'n app of hulptuig na die tuisskerm wil skuif, mag dit dalk nodig wees dat jy eers 'n app of hulptuig uit die tuisskerm verskuif om plek daarvoor te maak.





2. Sleep die app of hulptuig na die rant van die skerm.

'n Wit lyn verskyn langs die rand van die skerm om te wys dat die aangrensende skerm oopgemaak gaan word.

3. Sleep die app of hulptuig 'n entjie verder en laat los in die oop spasie.

   'n Beskikbare spasie word in 'n ander kleur uitgelig wanneer die app of hulptuig daaroor gesleep word.

   **Wenk**: Jy kan 'n app of hulptuig slegs na 'n oop spasie skuif.





**Maak apps en hulptuie groter of kleiner**

Om 'n app of hulptuig groter of kleiner te maak, doen die volgende:

**Let wel**: Sekere hulptuie en apps se grootte word in een of meer rigtings beperk.

1. Kies en hou die app of hulptuig wat jy groter of kleiner wil maak vir 2 sekondes, en laat los.

   Die app of hulptuig verander van kleur en jy sien 'n snippermandjie-ikoon en vier kolletjies waarmee jy die app of hulptuig groter of kleiner kan maak.




2. Kies en sleep een van die vier kolletjies om die app of hulptuig groter of kleiner te maak.

**Wenk**: Die vorm wat jy vir die app of hulptuig kies, hang af van watter inligting jy wil sien. Jy kan byvoorbeeld kies om die "Eksterne kamera"-hulptuig die helfte van die grootte van die aansig te maak sodat dit makliker is om die kameraprent te sien.

**Skrap 'n app of hulptuig**

Om 'n app of hulptuig uit die tuis- of app-skerm te skrap, doen die volgende:

1. Kies en hou die app of hulptuig wat jy wil skrap vir 2 sekondes, en laat los.

   Die app of hulptuig verander van kleur en jy sien 'n snippermandjie-ikoon en vier kolletjies waarmee jy die app of hulptuig groter of kleiner kan maak.
2. Kies die snippermandjie-ikoon.

   Die app of hulptuig word van die tuis- of app-skerm verwyder en in die **"Alle apps"**-ligging geplaas.

   **Wenk**: As jy die app of hulptuig per ongeluk skrap, maak **Alle apps** oop en skuif dit weer terug.

## Versending van inligting na TomTom

Wanneer jy die TomTom Bridge die eerste keer begin of die TomTom Bridge teruggelaai het, word jy ingelig oor hoe TomTom jou inligting gebruik. Hierdie inligting sluit jou ligging in, hoe jy die dienste gebruik en inligting wat deur jou ingetik word. Ons kom meer te wete oor hoe jy die toestel gebruik sodat ons voortdurend kan verbeter.

Gaan na die **"Jou inligting"**-app in die "Alle apps"-kieslys om te lees oor hoe TomTom jou inligting gebruik.

As jy dink dat jou inligting nie gebruik word vir die doel waarvoor jy dit aan TomTom verskaf het nie, kontak ons by tomtom.com/support.

Vir bygewerkte en vollediger besonderhede gaan na tomtom.com/privacy.

## Wis persoonlike data

Die TomTom Bridge berg jou persoonlike data namate jy die apps gebruik wat op die toestel geïnstalleer is. Alle foto's en musiek wat jy na die toestel oorgedra het, is ook persoonlike data.

As jy die toestel klaar gebruik het, is dit 'n goeie idee om jou persoonlike data te wis voordat jy die toestel aan die eienaar terugbesorg.

Om jou persoonlike data te wis, volg hierdie stappe:

**Let wel**: Sagtewarebywerkings kan slegs via 'n WiFi-verbinding afgelaai word.

1. As jy 'n persoonlike geheuekaart gebruik, verwyder die geheuekaart uit sy gleuf.
2. Kies die **Instellings**-app.
3. Kies **Rugsteun en terugstelling**.
4. Kies **Wis persoonlike data**.
5. Kies **Wis**, en kies dan weer **Wis**.

   Jou toestel skakel outomaties af en wis jou persoonlike data.

## Neem 'n skermskoot

Wanneer jy 'n foto moet neem van die TomTom Bridge se skerm sodat jy, byvoorbeeld, aan die eienaar kan wys watter fout opgeduik het, doen die volgende:

1. Druk en hou die aan/af-knoppie totdat die opwipkieslys wys.
2. Kies **Neem 'n skermskoot** uit die opwipkieslys.

   'n Skermskoot word geneem van die skerm agter die opwipkieslys.

**Wenk:** Maak die **Galery**-app op jou Bridge oop om die skermskote wat jy geneem het, te bekyk.

3. Koppel jou Bridge aan jou rekenaar sodat jy die skermskote kan oordra.
   Die skermskote is in die foto-vouer in die Bridge se interne bergingsgeheue.

## Skermsluiting

Wanneer jy jou TomTom Bridge gebruik, kan sekere apps of kenmerke dalk gesluit wees. Die kenmerke wat gesluit word en die redes daarvoor word aan die eienaar van die toestel oorgelaat. Sommige tipiese redes waarom 'n eienaar van 'n toestel van skermsluiting gebruik sou maak, sluit in:

- Om te verhoed dat 'n klant spoedoortredings begaan.
- Om veiligheid te verhoog deur die bestuurder se aandag so min as moontlik af te trek.
- Om te verhoed dat die toestel gesteel word.

Wanneer jy 'n item in die tuisskerm kies wat gesluit is, sien jy 'n boodskap. Omdat dit deur die eienaar van die toestel verpersoonlik kan word, kan die boodskap **Skerm om veiligheidsredes gesluit** of iets soortgelyks sê .

Selfs al sou 'n item gesluit wees, kan jy steeds die volgende doen:

- Die Tuis-, Terug- en Volumeknoppies gebruik.
- Die "skerm gesluit"-boodskap kies sodat dit verberg word.
- Op, byvoorbeeld, 'n "battery laag"-boodskap reageer.

# Welkom by navigasie met TomTom

Hierdie afdeling handel oor hoe om die TomTom Navigasie-app te gebruik.

**Belangrik**: Vir ander instellings en gebruiksinstruksies vir die TomTom Bridge, en vir instruksies oor ander apps wat op die TomTom Bridge geïnstalleer is, raadpleeg die toepaslike gebruikerdokumentasie.

Die navigasie-app is op die toestel geïnstalleer óf as 'n app wat jy moet oopmaak óf as 'n sagteware-hulptuig op die Tuisskerm. Die hulptuig beskik oor beperkte funksionaliteit; jy kan, byvoorbeeld, jou roete en roete-instruksies sien, maar jy kan nie 'n roete beplan nie.

Kies die hulptuig om die volledige navigasie-app oop te maak sodat al die navigasiefunksies gebruik kan word.

Vir inligting oor wat jy in die navigasie-app sien, gaan na:

- TomTom-dienste
- Wat's op die skerm
- Gebruik gebare
- Hoofkieslys

# GPS-ontvangs

Wanneer jy die navigasie-app die eerste keer begin, kan dit 'n rukkie neem om jou GPS-posisie te vind en jou huidige ligging op die kaart te wys. Maak seker dat jy GPS op jou toestel geaktiveer het.

**Wenk**: Die GPS-instellings is in die toestel se **Instellings**-app.

In gebiede waar GPS-ontvangs nie moontlik is nie, soos in tonnels, sal jou ligging dalk nie akkuraat wees nie.

**Belangrik**: Die navigasie-app kan jou nie van roete-instruksies voorsien alvorens dit liggingsdata ontvang het nie.

2. Op jou rekenaar, maak 'n program oop waarmee lêers bestuur word.

   Jou toestel verskyn in jou rekenaar se lêerstelsel as TomTom Bridge.
3. Maak die vouer wat die interne bergingsgeheue op jou toestel bevat, oop en maak dan die "Locations"-vouer oop.
4. Kopieer die .OV2-lêers vanaf jou rekenaar na die "Locations"-vouer.

   Die .OV2-lêer word ingevoer en jy sien die boodskap **Nuwe pleklys bygevoeg**.

   **Wenk**: As jou .OV2-lêer ook 'n geassosieerde ikoonlêer bevat, kan jy daardie lêer ook na die "Locations"-vouer kopieer. Die ikoonlêer word gebruik vir die vlagpenne wat PVB's op die kaart aandui.
5. Kies **My plekke** in die hoofkieslys.

   Jou nuwe PVB-lys word in die Places-lys gewys.
6. Kies jou nuwe PVB-lys.

   Jou nuwe PVB-lys maak oop en wys al die PVB's in daardie lys. Kies die kaartaansig om die PVB's op die kaart te sien.

## Tipe waarskuwing

Tipe waarskuwing

Jy kan die tipe waarskuwings kies wat jy wil hoor wanneer jy bestuur:

- **Lees hardop**
  Hoor gesproke waarskuwings en waarskuklanke.
- **Klanke**
  Hoor slegs waarskuklanke.
- **Geen**
  Geen waarskuklanke word gegee nie.

## Spoedkamerawaarskuwings

Kies **Instellings** in die Hoofkieslys en kies dan **Klanke en waarskuwings**.



Skakel **Spoedkamerawaarskuwings** aan om in die ry spoedkamerawaarskuwings te sien en te hoor.

## Kameras

Kies **Instellings** in die Hoofkieslys en kies dan **Klanke en waarskuwings**.



Kies **Kameras** om te stel hoe jy teen verskillende tipes spoedkameras gewaarsku wil word. Jy kan stel of jy gewaarsku wil word, nooit gewaarsku wil word nie of slegs gewaarsku wil word as jy die spoedgrens oorskry.

**Wenk**: Wanneer **Spoedkamerawaarskuwings** in Instellings >Klanke en waarskuwings aangeskakel is, word hierdie opsie nie gewys nie.

## Gevare

Kies **Instellings** in die Hoofkieslys en kies dan **Klanke en waarskuwings**.



Kies **Veiligheidswaarskuwings**. Jy kan dan stel hoe jy vir die verskillende tipes gevaarsones en gevare gewaarsku wil word. Jy kan stel of jy gewaarsku wil word, nooit gewaarsku wil word nie of slegs gewaarsku wil word as jy die spoedgrens oorskry.

- **Gevaarsones**
  Hierdie tipe waarskuwing word slegs in Frankryk gegee waar jy slegs teen gevaarsones gewaarsku word.
- **Ongelukpunte**
  Hierdie tipe waarskuwing word gegee vir 'n plek waar padverkeersongelukke histories gekonsentreer is.
- **Risiko-sones**

# Gebruik die Eksternekamera-app

Hierdie afdeling verduidelik hoe om die Eksternekamera-app te gebruik.

**Belangrik**: Vir ander instellings en gebruiksinstruksies vir die TomTom Bridge, en vir instruksies oor ander apps wat op die TomTom Bridge geïnstalleer is, raadpleeg die toepaslike gebruikerdokumentasie.

Met hierdie app sien jy die intydse beeld komende van die eksterne kamera wat op jou voertuig geïnstalleer is

**Let wel**: 'n Trukamera skakel normaalweg aan wanneer jy trurat kies. Ander eksterne kameras word deur 'n skakelaar op die voertuig se instrumentpaneel aangeskakel. Die app sal slegs werk indien dit 'n sein van die kamera ontvang.

Kies die **"Eksterne kamera"**-knoppie om die app te laat loop. Die beeld komende van die kamera verskyn outomaties.



Op sommige toestelle word die kamera se beeld in 'n hulptuig op die tuisskerm gewys. Kies die hulptuig om die kamera se beeld volskerm te wys.

# Kamera-instellings

Kies die instellingsknoppie in die tru-kameraskerm.



**Let wel**: Die TomTom Bridge is dalk beveilig om te verhoed dat jy veranderinge aanbring.

Op hierdie skerm kan jy hierdie instellings verander:

**Posisie van beeld**

- **Pas**
  Hierdie instelling zoem uit sodat óf die beeld se hoogte óf sy diepte, wat ook al die grootste is, die skermgrootte vul. Jy sal die volledige beeld sien, maar die beeld kan dalk 'n raam aan twee kante hê.
- **Vul**
  Hierdie instelling zoem in op die beeld sodat dit die hele skerm vul. 'n Deel van die beeld mag dalk op die skerm ontbreek.
- **Rek**
  Hierdie instelling maak dat beide die hoogte en wydte die skerm pas. Die beeld kan dalk verwronge voorkom.

**Aspekverhouding**

Die aspekverhouding is die verhouding van die skermwydte tot die skermhoogte. As jou kamera die aspekverhouding outomaties instel, kies **Outo**. As jou kamera nie die aspekverhouding instel nie, kies die instelling wat die beste beeldgrootte op die skerm lewer.

**Volskerm**

Kies hierdie instelling om die beeld op die volle skerm te wys. Die stelselbalk word outomaties na 'n paar sekondes versteek. Raak aan die skerm om weer die stelselbalk te wys.

**Spieëlbeeld**

Sommige kameras kan die beeld outomaties spieël sodat dit as 'n tru-beeld gebruik kan word. As jou kamera nie die beeld spieël nie, gebruik hierdie instelling om die skermbeeld te spieël.

**Gidslyne**

Kies **Gidslyne** om gidslyne op die kameraskerm te wys.

# Gebruik die voertuig met gidslyne


**Meer oor die voertuig met gidslyne**

Die gidslyne help jou om te sien of jou voertuig in 'n parkeerruimte of 'n ander spasie met 'n beperkte wydte gaan pas. Wanneer jy die gidslyne ingestel het deur van 'n spasie gebruik te maak waarin jy weet jou voertuig gaan pas, kan jy die gidslyne gebruik om die grootte van ander spasies te kontroleer.

**Opstelling van die gidslyne vir die voertuig se wydte**

1. Maak die kamera-app oop.
2. Posisioneer jou voertuig voor 'n spasie waarin jy weet jou voertuig gaan pas. Maak seker jou voertuig is opgelyn met die middel van die spasie.
3. Skakel **Gidslyne** in die kamera-instellings aan.

   Die gidslyne word op die skerm gewys.




4. Raak aan en hou die gidslyne totdat jy die handsimbool sien.
5. Sleep elke hoek van die gidslynraam om by die spasie te pas. Sleep die handsimbool om die gidslynraam in geheel te skuif.
6. Wanneer die gidslynraam met die spasie ooreenstem, raak aan die skerm buite die raam om die instelling te stoor.


**Wenk:** Jy kan die gidslyne verberg deur **Gidslyne** in die kamera-instellings af te skakel.

**Gebruik die voertuig met gidslyne**

1. Maak die kamera-app oop.

2. Skakel **Gidslyne** in die kamera-instellings aan.
3. Posisioneer jou voertuig voor 'n parkeerruimte. Gebruik die gidslyne om te sien of jou voertuig in die parkeerruimte gaan pas. As die gidslyne binne-in die parkeerruimte se lyne pas, sal jou voertuig waarskynlik in die parkeerruimte pas.

**Belangrik**: Wanneer jy agteruitry, wees ook bedag op ander obstruksies soos voertuie langs jou of voorwerpe bokant jou.



# Gebruik die TomTom Musiek-app


Hierdie afdeling verduidelik hoe om die TomTom Musiek-app te gebruik.

**Belangrik**: Vir ander instellings en gebruiksinstruksies vir die TomTom Bridge, en vir instruksies oor ander apps wat op die TomTom Bridge geïnstalleer is, raadpleeg die toepaslike gebruikerdokumentasie.

Gebruik die musiek-app om musiek te kies en te speel wat op die toestel se interne geheue geberg is, of wat op die geheuekaart wat jy by die TomTom Bridge ingesteek het, gestoor is.

Afhangende van hoe die TomTom Bridge opgestel is, kan jy die musiek-app vanuit een van die volgende plekke op jou Bridge begin:

- Die Musiek-app se hulptuig op die tuisskerm.




- Die **Musiek**-knoppie in die apps-skerm.



Die app vind jou musiek outomaties op die toestel of op die geheuekaart. Die snitte word in 'n lukrake volgorde gespeel. Jy kan 'n musieksnit kies deur die volgende- of vorige-knoppie te gebruik. Kies die speel-knoppie om die snit te speel.

Die album se prent word gewys indien dit beskikbaar is.

Die musieksnitte hou aan met speel selfs wanneer jy ander apps gebruik. Verstel die musiek se volume deur die volumebeheer in die stelselbalk te gebruik.

# Bylaag

## Belangrike veiligheidskennisgewings en -waarskuwings

### Wêreldwye posisioneringstelsel (GPS) en wêreldwye navigasiesatellietstelsel (GLONASS)

Die wêreldwye posisioneringstelsel (GPS) en wêreldwye navigasiesatellietstelsel (GLONASS) is satellietgebaseerde stelsels wat inligting oor ligging en tyd die wêreld deur verskaf. GPS word deur die regering van die Verenigde State van Amerika bedryf en beheer, wat uitsluitlik vir die beskikbaarheid en akkuraatheid daarvan verantwoordelik is. GLONASS word deur die regering van Rusland bedryf en beheer, wat uitsluitlik vir die beskikbaarheid en akkuraatheid daarvan verantwoordelik is. Enige veranderings in die beskikbaarheid en akkuraatheid van GPS of GLONASS, of in omgewingstoestande, kan die werking van hierdie toestel beïnvloed. TomTom ontken enige aanspreeklikheid vir die beskikbaarheid en akkuraatheid van GPS of GLONASS.

### Veiligheidsboodskappe

### Gebruik met sorg

As jy TomTom-produkte gebruik onderwyl jy bestuur, moet jy steeds versigtig bestuur en goed oplet.

Jou navigasietoestel is bedoel om as 'n bestuurshulp te dien en is nie 'n plaasvervanger vir omsigtige en oplettende bestuursvernuf nie. Kom altyd die padtekens wat aangegee word sowel as die toepaslike wette na. Om te bestuur wanneer jou aandag nie ten volle op die pad is nie, kan uiters gevaarlik wees. Moenie hierdie navigasietoestel op enige manier gebruik wat die bestuurder se aandag op 'n onveilige manier van die pad sal aflei nie. TomTom beveel aan dat handvry-stelsels, waar beskikbaar, gebruik word en om op 'n veilige plek af te trek en botstil te staan ten einde met die navigasietoestel in interaksie te tree.

### Kennisgewing vir bomaat/handelsvoertuie

Indien 'n vragmotorkaart nie op hierdie produk geïnstalleer is nie, is hierdie produk slegs bedoel vir gebruik in motors en in ligte handelsvoertuie sonder 'n sleepwa omdat die produk nie gepaste roetes vir bomaat- en kommersiële voertuie, busse of kampeerwaens en motorwoonwaens sal verskaf nie. As jy enige van hierdie tipe voertuie bedryf, besoek tomtom.com om 'n geskikte produk te vind wat kaarte met hoogte- en massabeperkings bevat.

### Vliegtuie en hospitale

Die gebruik van toestelle met 'n antenna word op die meeste vliegtuie, in baie hospitale en op baie ander plekke verbied. Hierdie toestel moet nie in hierdie omgewings gebruik word nie.

### Veiligheidsboodskappe

Lees en let op die volgende belangrike veiligheidsadvies:

- Gaan jou banddruk gereeld na.
- Diens jou voertuig gereeld.
- Medikasie kan jou ry- of bestuursvermoë beïnvloed.
- Gebruik altyd sitplekgordels indien beskikbaar.
- Moenie drink en bestuur nie.
- Die meeste ongelukke gebeur minder as 3 km vanaf die huis.
- Gehoorsaam die reëls van die pad.

